

SLINGERVEL



Junie/Julie 2018

Christelike maandblad vir die jeug



SLINGERVEL, JAARGANG 59
Nommer 999, Junie/Julie 2018

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my
⇒ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
⇒ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
⇒ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660



in hierdie uitgawe ...

- 3 Redakteursbrief
- 4 Verjaardaghoekie Junie
- 8 Blokkiesraaisel – die 10 plaë
- 10 Woordsoek – die 10 plaë
- 11 Nommerknoop
Vind die pad ...
- 12 Oplossing Blokkiesraaisel – die 10 plaë
- 13 Kleur in volgens nommers
- 14 Prisca ... kindermartelaar
- 18 As die see bloei ...
- 20 Verjaardaghoekie Julie
- 23 Oplossing Woordsoek – die 10 plaë
- 25 Nommerpiramide
Ek sal opstaan ...
- 27 Oplossing Nommerpiramide
Oplossing "Ek sal opstaan"
- 28 Oplossing Nommerknoop
Oplossing "Vind die pad"
- 29 Wintersonstilstand
- 30 Wat kan ek lees?

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R304,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
(Sien die intekenvorm op die agterblad vir meer inligting oor intekengeld.)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 59,
Nommer 999,
Junie/Julie 2018
ISSN 0037 685 X

REDAKTEURSBRIEF



Maats

Halfpad! Die jaar is halfpad. Weet jy wat is 'n optimis? 'n Pessimis?

- 'n Optimis is iemand wat die goed en die mooi in die lewe raaksien. Hy sal, as hy blomme ruik, wonder wie verjaar.
- 'n Pessimis is iemand wat die verkeerde en die lelike in die lewe raaksien. Hy sal, as hy blomme ruik, wonder waar is die begrafnis.

As ons nou sê die jaar is halfpad – dan wonder ek of ons al helfte van die kennis het wat ons moes leer. Daar is soveel om te leer! Daar is soveel kennis in die wêreld!

Meer nog: daar is soveel wonderlike dinge wat ons van die Here kan leer. Vra ek nou die dag by die ouetehuis: “Weet julle of die Here kan fluit?” By baie was daar ongeloof. “Ja,” sê ek verder, “die Here fluit vir die bye en die vlieë!” Die een tannie se reaksie was: “Dominee, 'n mens spot nie met die Here nie!”. My reaksie was dat ek nie spot nie. Ek is doodernstig!

Jesaja 7:18: “In dié tyd sal die Here fluit vir die vlieë ver langs die riviere van Egipte en vir die bye in Assirië.”

Het jy dit geweet? Mamma? Pappa? Dit is die manier waarop die Here roep! Hulle luister!

Nou wonder ek of julle weet van die bloed wat met 'n offer aan die regteroorlel, regterduim en regtergroottoon gesmeer moet word? Lees Levitikus 8 en 14.

O ja – en hoe is Elia in die hemel opgeneem? Miskien dink jy dis met 'n wa en perde van vuur ... Dink jy so? Verkeerd! Lees 2 Konings 2!

Dit bring my by iets wat vir my baie belangrik is: ons moet die Bybel reg lees. Elke woord. Elke sin. Al vat dit jou 10 jaar om die Bybel deur te lees – dit is goed. Ons moet lees, verstaan en onthou.

As jy nie verstaan nie – vra jou dominee. Stuur vir my 'n e-pos of sms. Ek antwoord graag.

Ek hoop dit gaan goed met die van julle wat eksamen skryf en ek hoop julle rus vreeslik lekker.

Augustus se uitgawe is die 1000ste uitgawe. Praat dan weer met julle! ^{sv}



Die 10 plae — BLOKKIESRAAISEL

Maats

Verlede jaar (die November/Desember-uitgawe) het ek in Slingervel vir julle vertel van die stryd tussen God en die gode van Egipte met die 10 plae. Nou het julle 'n lekker vakansie voor en daarom is die blokkiesraaisel ook groter as gewoonlik. Hiervoor moet julle Eksodus 7-11 mooi deurlees as julle die blokkiesraaisel wil invul (ek het die 1983-vertaling gebruik).

Het julle geweet dat Paulus vir ons die name van die twee towenaars gee wat teen Moses opgetree het? Kyk bietjie in 2 Timoteus 3:8!

Lekker lees! Maak 'n lysie van jou antwoorde en gebruik dit om die Woordsoek op bladsy ___ te voltooi.


OPLOSSING OP BLADSY 12.

DWARS

1. Hier het die volk in Egipte gewoon.
5. Hierdie water is ook in die eerste plaag getref.
7. Moses kan aan hulle vertel wat die Here aan die Egiptenaars gedoen het.
9. Hier het die Here die sprinkane ingegooi.
10. Hulle het nie eers probeer om swere na te doen nie, want hulle was ook vol swere.
12. Hy sal sterf met die tiende plaag.
15. Die farao was op pad hierheen toe Moses die eerste plaan aangekondig het.
16. Soveel dagreise wil Moses die volk in die woestyn inlei om die Here te dien.
18. Dit het saam met die hael gekom.
20. Hulle het in die Nyl gevrek.
23. Dit moes agterbly as die volk na die duisternis die Here gaan dien.
24. Hierdie plek sal wemel van die paddas!
25. Die farao vra dat Moses op hierdie manier die Here vra om die paddas weg te neem.
27. Hierdie diere sal getref word as die Here pes stuur.
28. Dit het die sprinkane gebring.
30. Hierdie plek sal wemel van die paddas!.
34. Die eerste plaag het soveel dae geduur.
35. Voor die hael sê die Here Hy kon al die Egiptenare hiervandaan uitgewis het.
36. Dit is deur die hael weggeslaan.
40. Hier moes Moses vir die farao wag om aan te kondig dat die volgende plaag steekvlieë sou wees.
41. Hierdie diere sal getref word as die Here pes stuur.
42. Hierdie plante is deur die hael vernietig.
44. Hierdie diere sal getref word as die Here pes stuur.

AF

1. Die sprinkane sal dit afvreet .
2. Aäron se staf het hierin verander.
3. Hierdie diere sal getref word as die Here pes stuur.
4. Moses sê dat hierdie manier om God te dien, aanstoot aan die Egiptenare sal gee.
6. Hierdie water is ook in die eerste plaag getref.
7. Hierdie water is ook in die eerste plaag getref.
8. Hierdie plek sal wemel van die paddas!
11. As hulle die Here gaan dien na die duisternis, mag selfs dit nie agterbly nie.
13. Aäron moes dit uit 'n oond skep – daarna het daar swere op die Egiptenare gekom.
14. Dit het bedaar toe Moses sy hande in gebed uitgesteek het.
17. Hierdie plek sal wemel van die paddas!
19. Ook dit moet die sprinkane vreet.
21. Die Here wil hê die volk moet Hom hier gaan dien.
22. So hark die mense die paddas bymekaar.
25. Die Nyl se water het hierin verander.
26. Hierdie diere sal getref word as die Here pes stuur.
29. Dit is aan reepe geslaan deur die hael.
31. Hierdie water is ook in die eerste plaag getref.
32. Moses se ouderdom toe hy met die farao gaan praat het.
33. Haar eersgeborene sal sterf met die tiende plaag.
37. Aäron moet hierop slaan sodat die aarde muggies voortbring.
38. Die towenaars het met die derde geplaag besef dis hierdie deel van God se hand.
39. Voor die sprinkane was die raad aan die farao dat net hulle mag trek om die Here te dien.
43. Dit het 'n muggie geword.





Die 10 plae – Woordsoek

Maats


Ek hoop julle het al die antwoorde van die Blokkiesraaisel op bladsy 12 gekry. Soek hulle nou. Onthou dat die antwoorde op, af, dwars, links en regs kan wees.

OPLOSSING OP BLADSY 22

D	K	K	S	S	B	E	D	K	E	H	E	E	E	S	T	E	I	R	E
I	R	O	E	L	O	D	O	E	L	M	H	E	R	D	N	O	R	G	L
B	P	M	O	A	O	V	N	E	A	V	K	E	V	P	L	A	N	T	E
P	I	D	S	A	S	V	K	R	N	T	L	D	R	T	S	N	A	M	E
E	E	D	R	P	T	M	I	T	A	M	O	R	O	I	O	E	Y	I	B
I	A	R	A	K	E	O	E	S	K	O	U	E	E	S	M	O	J	S	D
J	L	U	G	A	W	E	S	N	R	F	T	P	T	M	N	D	R	T	H
T	S	E	E	M	I	R	K	E	E	F	J	V	A	S	I	A	R	G	O
E	R	I	M	E	N	A	W	S	G	E	I	D	N	E	W	K	B	K	P
I	E	U	O	R	D	S	A	O	N	R	E	I	H	O	L	A	L	K	E
R	D	B	B	R	E	S	T	G	I	S	R	G	E	I	K	E	V	R	H
P	N	T	R	K	T	E	E	M	V	P	I	S	P	O	I	B	B	L	O
S	O	R	G	A	S	O	R	D	N	N	T	B	O	N	L	F	F	U	P
J	D	O	G	M	E	U	O	O	E	Y	A	N	K	F	O	T	S	Y	E
D	J	T	I	E	E	O	O	O	N	K	D	I	L	R	E	I	V	I	R
E	E	S	T	L	B	R	R	A	K	E	N	S	L	E	T	T	O	K	S
O	I	R	G	E	K	G	K	E	W	D	K	L	E	I	N	V	E	E	U
L	R	U	A	T	T	F	S	E	E	R	E	S	L	A	N	G	H	T	A
B	D	I	T	A	N	K	S	R	V	N	U	O	A	A	R	D	E	Y	N
A	N	I	V	A	L	S	S	D	T	O	W	E	N	A	A	R	S	Y	A

AARDE, BAKOONDE, BED, BEESTE, BID, BLOED, BOME, DAMME, DONDRSLAE, DONKIES, DRIE, GARSOES, GOSENSTREEK, GROENIGHEIDJIE, GROND, GROOTVEE, HOPEHOPE, KAMELE, KANALE, KLEINKINDERS, KLEINVEE, KLIPBAKKE, KLOUTJIE, KROONPRINS, MANS, MOERASSE, OFFERS, OOSTEWIND, PERDE, PLANTE, RIETSEE, RIVIER, ROET, SEWE, SKOTTELS, SLAAPKAMER, SLANG, SLAVIN, SPRIETJIE, STOF, STORTBUIE, TAGTIG, TOWENAARS, VINGER, VIS, WATER, WOESTYN

OPLOSSING BLOKKIESRAAISEL



As die see bloei ...

Ai, dit moet darem seer wees as die see só bloei dat die bloed op die strande uitspoel! So seer dat die seemeue eintlik skree van pyn: *Whêê...whêê...êê...êê...êê...!* Gelukkig skree hulle van hongerte of banggeit of kwaadgeit. En die see bloei nie rêrig nie. Die verkleuring word veroorsaak deur digte konsentrasies van klein plantjies (alge) in die see. Ons noem die baie klein, drywende plantjies *fitoplankton*.

Die term *rooigety* is eintlik misleidend, want tydens 'n rooigety kan die water ook bruin, oranje, pers of geel verkleur. Die verkleuring hang af van die soort of spesie fitoplankton, die kleurpigmente wat dit bevat, die grootte en konsentrasie daarvan, die tyd van die dag en die hoek waarteen die son op die water val. 'n Hele mondvul, nè!

Hoe ontstaan 'n rooigety?

Rooigetie kom gewoonlik in die laatsomer en herfs langs die Kaapse wes- of suidkus voor. Daardie tyd van die jaar waai suidewinde gewoonlik. Dié winde veroorsaak dat koue water wat baie *voedingstowwe* en *suurstof* bevat, uit die dieper see na die oppervlakte beweeg. Hierdie proses noem ons *opwelling*.

Saam met die stygende water beweeg die alge waarvan ons hierbo gepraat het. Hierdie alge het vir 'n lang tyd in onaktiewe vorm (*siste*) as afsaksel op die seabodem gelê. Die hoë konsentrasie voedingstowwe in die water, saam met die regte temperatuur, soutgehalte en genoeg lig, laat die siste *ontkiem*.

Die fitoplankton wat só ontstaan, groei en verdeel geweldig vinnig – só vinnig dat dit die water kleur. Hulle bondel saam, swem na die oppervlakte en laat sodoende 'n rooigety ontstaan.

As toestande weer ongunstig raak (min voedingstowwe, lae temperatuur, ongunstige weerstoestande), vorm die fitoplankton weer siste wat na die seabodem afsak.

Wat is die gevolge van 'n rooigety?

Die meeste rooigetie lewer 'n nuttige bydrae tot die seelewe in dié sin dat hulle voedselproduseerders is (fotosintese), maar daar is ook soms nadelige gevolge.

VERSTOPPING EN PARASITISME

Wanneer rooigety-alge in digte massas voorkom, kan hulle visse se kiewe verstop en in so 'n mate irriterend dat hulle nie genoeg suurstof uit die water kan opneem nie. Dit was dan ook die oorsaak dat meer as 100 ton vis in 1962 in Valsbaai gevrek het.

'n Ander liggaamlike beskadiging is dat sekere spesies op visweefsel voed. Dit kan veroorsaak dat 'n vis binne 'n paar uur vrek.

SUURSTOFUITPUTTING

As voedingstowwe in die water opgebruik is, kan dit gebeur dat massas rooigety-organismes op groot skaal vrek. Dan laat sekere bakterieë hulle verrot en gebruik daarvoor geweldig baie suurstof. Die gevolg is dat daar te min suurstof vir ander seediëre in die water is om van te lewe, dus vrek hulle ook. In 1978 het daar byvoorbeeld by 'n paar geleenthede krewes op die strand uitgeloopt as gevolg van te min suurstof.

VERGIFTIGING

Sekere van die rooigety-alge produseer van die gevaarlikste gifstowwe wat die mens ken. Een daarvan is 'n toksien wat normale senuwee-werking ontwrig. So is bykans die hele mosselpopulasie in die Elandsbaai-gebied in 1980 uitgewis, terwyl 30 ton perlemoen in 1989 in die dr. HF Verwoerd-marine-reservaat uitgespoel het. Die kuswaters van Japan loop ook periodiek onder hierdie visvrektes deur. Hierdie is voorbeelde van *direkte* vergiftiging.

Maar dit is eintlik teen 'n vorm van *indirekte* vergiftiging waarteen die publiek periodiek gewaarsku word. Diere soos mossels, oesters en gapermossels filtreer hulle voedsel (soos fitoplankton, insluitend die rooigety-soort) uit die water. As byvoorbeeld die mens, seediëre of



voëls van hierdie *filtrervoeders* inkry, neem hulle natuurlik ook van die gifstowwe in, waarvan hulle kan doodgaan.

Paralitiese (verlammende) skulpvisvergiftiging (Die Burger, 15 Apr. 2017) – Lesers is in hierdie berig gewaarsku om die komende paar maande skulpvis te vermy, omdat daar rooigety op Lambertsbaai voorgekom het. 'n Mediese dokter op die dorp het verskeie mense wat mossels geëet het, vir vergiftiging behandel. 'n Sekere soort skulpvisvergiftiging veroorsaak maagkrampe, braking en diarree, wat 'n dag ná die inname van bedorwe skulpvis plaasvind. Verwarring, geheueverlies en koma volg in ernstige gevalle.

'n Paar ander vorms waarin skulpvisvergiftiging voorkom (waarvan die meeste eers onlangs geïdentifiseer is), is *diaretiese*, *neurotoksiese* en *amnesiese* vergiftiging. Eersgenoemde sluit in: diarree, naarheid, braking, maagpyn en kouekoors. Nommer 2: duiseligheid, tintelende sensasies, vergrote pupille, warm- en koue gloede. Nommer 3 (behoort tot die diatoomgroep van fitoplankton): maagkrampe, braking en senuweereaksies soos disoriëntasie en geheueverlies.

Navorsing ten opsigte van rooigety

Daar word deesdae baie ondersoek ingestel na die voorkoms en gevare wat hierdie verskynsel vir die menslike gesondheid inhou. Myns insiens is die volgende bevindings van die belangrikste:

- Skepe reis vinniger en meer dikwels oor groot afstande op die oseane. Op dié manier word *toeriste* (vakansiegangers), *sakelui* (mense wat groot maatskappye besit) en groot *vragte* (olie, steenkool, staal en

ander metale) van die een hawe na die ander vervoer. So word dikwels van die siste ("saadjies") van die fitoplankton in die tenks (of ander bergplekke van groot skepe) na plekke vervoer waar voorheen nie sprake van rooigety was nie. Toeriste eet ook graag mossels en ander skulpvis wat moontlik besmet is, en versprei vergiftiging op dié manier.

- Aardverwarming (kweekhuiseffek) speel blykbaar ook 'n rol, in dié sin dat die skulpvis en baie ander seediertyes, sowel as die plankton, in warm seewater gedy en dus vinniger as in die verlede aanteel.

Al hierdie faktore dra daartoe by dat die intensiteit en frekwensie van rooigetye toeneem en dat dit wyer oor die wêreld verspreid voorkom, hoofsaaklik as gevolg van menslike bedrywighede.^{5V}



WINTER SONSTILSTAND

WINTERSONSTILSTAND! Sjoe, dit klink darem na 'n vreemde ding wat kan gebeur. Beteken dit regtig dat die son een of ander tyd sommer net tot stilstand gaan kom? Hoe nou?

Nee, glad nie! Dit is egter iets wat elke jaar hier by ons in die suidelike halfrond gebeur, en dit gebeur al vir baie, baie jare. Om presies te wees, gebeur die volgende sonstilstand hier by ons op Donderdag 21 Junie 2018. Ek weet hier in Suid-Afrika sê ons dat die eerste dag van winter op 1 Junie is, maar die eintlike eerste wintersdag is op 21 Junie! Die wintersonstilstand is 'n sterrekundige gebeurtenis wat die kortste dag en die langste nag van die jaar vir ons aandui. In die noordelike halfrond is die sonstilstand in Desember en hier by ons, in die suidelike halfrond, is dit in Junie.

Die aarde se helling (die feit dat die aarde skuins lê) van ongeveer 23,4 grade veroorsaak dat daar elke jaar vier verskillende seisoene is, dit reguleer die temperature en maak ook 'n wye verskeidenheid klimaatsones moontlik, van tropiese reënwoude tot ysige poolstreke. Soos die gekantelde aarde sy wentelbaan (paadjie) om die son volg, sal die halfrond wat die verste van die son af is, winter beleef, terwyl die halfrond wat die naaste aan die son is, lekker warm somersdae geniet. So, sodra die een halfrond winter ervaar, ervaar die ander kant somer. Ons suidelike halfrond se wintersonstilstand gebeur op die dag met die kortste daglig en die langste nag van die jaar. Alhoewel die wintersonstilstand self net 'n kort oomblik duur, verwys ons na die dag waarop dit gebeur, dus 21 Junie.

Wanneer die dag van die wintersonstilstand dan verby is, word alles weer omgekeer, want nou word die nagte baie stadig weer korter, en die son skyn weer langer in die dag. Dit beteken net een ding: die somer met sy warm sonskyndae is weer op pad! Maar moet nog nie jou serp en warm sokkies wegpak nie, want die ware eerste dag van lente steek eers weer op 21 September sy kop uit!^{sv}

